**Ons gaan Hom sien!**

**Openbaring 21:26, 22:3-5**

**28 Februarie 2021**

1. Hulle sal Hom sien (Op 22:4a)
    a. "hulle" = die met God se Naam op hulle voorkoppe = gelowiges (Op 3:12, 21:27)
    b. "Hom" = God en die Lam (Op 22:3)
    c. "Sien"
        i. Moses wou God sien, maar kon nie (Eks 33:18-20), Dawid wou ook (Ps 27:4)
        ii. Jesus het geleer die wat rein van hart is, sal God sien (Mat 5:8)
        iii. Johannes het geleer ons sal Hom sien soos Hy werklik is (1 Joh 3:2b)
    d. Wat gaan ons sien?
        i. God? Die Lam?
        ii. Soos Hy werklik is: soos Sy karakter is, soos Sy werke vertoon:
        iii. Nuwe skepping (God se almag, krag, wysheid), nuwe Jerusalem (God se verlossing van sondaars), muur (God se bewaring), poorte (God se nuwe lewende weg), fondamente (God se getrouheid aan Sy beloftes), nie die tempel nie (God gaan self by ons woon), troon van God (in al Sy heerlikheid), rivier met water van die lewe en boom van die lewe (God se versekering van ewige lewe), God en die Lam se heerlikheid (in alles, selfs in ons)
2. Reaksie van Gelowiges
    a. Sy dienaars gaan hom dien (Op 22:3b)
        i. Gelowiges is steeds dienaars, al is hulle in heerlikheid
        ii. Konings en nasies bring heerlikheid en eer na die nuwe Jerusalem (Op 21:24,26, Op 5:11-13)
        iii. Jes 60:5-11 – skatte word gebring ter ere van God. Jes 60:6 – dit is 'n priestersrol
    b. Hulle sal as konings regeer tot in ewigheid (Op 22:5b)
        i. Oorwinnaars sal saam met Jesus op die troon sit (Op 3:21)
    c. Gen 1&2: Mens het 'n heersersrol (6de dag) en priestersrol (7de dag) (Eks 31:13-15, Lev 23:3)
    d. Eks 19:4-6 – As volk God se verbond hou, sal hulle koninkryk van priesters wees
    e. Vierde gebod – heersersrol deur 6 dae van werk, priestersrol deur onderhouding van sabbat (Eks 20 en Deut 5)
    f. 1 Pet 2:9 – in nuwe verbond is gelowiges 'n koninklike priesterdom (vgl Op 5:10)
    g. Ontwikkelingslyn:
        i. Voor sondeval: koningsrol lig God se grootheid/goedheid in skepping uit, wat oorloop in lofprysing in priestersrol
        ii. Ou Testament: koningsrol lig God se goedheid, gevolge van sonde, noodsaak aan verlossing uit, in priestersrol word God geloof, gesmeek vir verlossing
        iii. Nuwe Testament: priestersrol loof God vir Sy skeppingswerk en die verlossing wat Hy bewerk het, koningsrol lig God se goedheid uit, asook steeds die gevolg van sonde – in die wêreld, maar ook steeds in gelowiges
        iv. Nuwe Jerusalem: koningsrol beoefen in nuwe skepping, geen effek meer van sonde nie, sien God en Lam in alles, priestersrol besing God se lof (Op 5:13, 7:10, 7:12, 15:3-4, Ps 72:18-19) – bewe van blydskap (Jes 60:5)